basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## ONTWERP V1

## (TEORIE)

## NOVEMBER 2012

## MEMORANDUM

**PUNTE: 150**

**Hierdie memorandum bestaan uit 30 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

Blaai om asseblief

## AFDELING A: ONTWERPGELETTERDHEID

### VRAAG 1 [20 punte]

**AS1: Maak waardebepalings deur 'n duidelike begrip van ontwerp.**
**AS2: Begrip van ontwerpteorie en die korrekte gebruik van ontwerpterminologie.**

1.1 **[10 punte]**




1.1.1 **(Ken 2 punte toe)**
Die Afrika rondawelhut of argitektuur. ☑ Die plat, eenvoudige vorms. ☑ Die kragtige en helder kleure. ☑ Die sterk buitelyne ☑ en die dekoratiewe / kunshandwerk (borduurwerk) aard. ☑ Ndebele vorms / patrone en kleure. ☑ Diamantvorms. ☑ 'Townships' word verteenwoordig / mak hoenders wat vrylik rondloop. ☑

1.1.2 **(Ken 2 punte toe)**
Die tema handel oor die saamwerk om die VIGS epidemie te beveg. ☑ Die rooi lint VIGS simbool kom voor, asook die grafte verteenwoordigend van diegene wat aan VIGS oorlede is, ☑ die tehuis wat vir VIGS slagoffers sorg. ☑ Daar is ook 'n gehospitaliseerde of bedlêende VIGS pasiënt. ☑ Die kleur rooi is dwarsdeur die ontwerp gebruik om die pandemie te beklemtoon en koppel dit ook aan die rooi VIGS lintjie. ☑ Wit duif = hoop en vrede. ☑ Kruis = Christenskap / godsdienstige aspek. ☑

Krediet moet gegee word aan enige geldige en redelike antwoord.

1.1.3 **(Ken 6 punte toe)**

- **STILERING**

Al die visuele beelde in hierdie borduurwerk is gestileerd omdat hulle vereenvoudig, ☑ afgeplat en daar klem op hulle buitelyne geplaas is. ☑ Die beelde is kinderlik en naïef. ☑ Eenvoudige gebruik van lettertipe. ☑ Afrika / 'Township' / landelike styl. ☑

- **TEKSTUUR**

Die visuele beelde het almal dieselfde tasbare tekstuur ☑ - afkomstig van die borduurwerksteek wat gebruik is om die vorm met kleur te vul. ☑ Geen individuele oppervlakteksture is aangedui nie. ☑ Dit dien om die ontwerp te vereenvoudig en om die impak van die beelde te verhoog. ☑ Verhewe / sagte en gladde / syagtige oppervlaktes. ☑

Kopiereg voorbehou

- **EENHEID**

Die werk vorm 'n eenheid as gevolg van die herhaling van kromlynige, ☑ plat, ☑ eenvoudige, organiese vorms ☑ en ook deur die eenvoudige, swart agtergrond wat die helder sterk beelde beklemtoon. ☑

Leerders moet krediet gegee word vir die waarneming van eenheid soos in die visuele beeld gesien, bv. Figure na aanmekaar.
Krediet moet gegee word aan enige geldige en redelike antwoord.

| **V1.1<br>VLAK** | **KOGNITIEWE<br>VAARDIGHEDE** | **GEWIGS-<br>TOEKENNING (%)** | **VRAE** | **PUNTE<br>(1)0** |
|---|---|---|---|---|
| Lae orde | Herroeping | 30% | 1.1.1 + 1.1.2 | 3 |
| Middelorde | Toepassing van elemente en beginsels | 40% | 1.1.1 + 1.1.3 | 4 |
| Hoër orde | Analise<br>Sintese<br>Evaluering | 30% | 1.1.3 | 3 |

1.2 **[10 punte]**



***Paravent* – 'n opvouskerm of verdeler geïnspireer deur 'n reusekaasrasper, ontwerp deur Mona Hatoum.**

1.2.1 **(Ken 6 punte toe)**

**Stem saam – elitistiese ontwerp:**

Die ontwerp hou verband met 'n hoër vorm van selfuitdrukking ☑ (gekoppel aan kunstenaars wat meer vry is om idees en konsepte ☑ en mediums te verken). ☑ Die verdeler is meer geneig om 'n stelling te maak of kommentaar oor een of ander kwessie te maak (sosiaal, kultureel en polities). ☑ Slegs die oordeelkundige koper sal geld in hierdie ontwerp belê. ☑ Die ontwerp kan ook as kunswerk ☑ of verhewe ontwerp geklassifiseer word. ☑ Dit is 'n pop / post-moderne (guitige) ontwerp wat slegs deur 'n paar mense gewaardeer sal word. Die meeste mense sal verward raak met die doel van die ontwerp. ☑ Die funksionaliteit is debatteerbaar omdat daar gate in die skerm is. ☑ Die handelsmerk is belangriker as die funksie. ☑ Slegs bevoorregte mense met ruim huise. ☑ Kan onveilig wees. ☑

**Stem nie saam nie – nie 'n elitistiese ontwerp nie:**
Die verdeler of skerm is vir 'n spesifieke doel en funksie gemaak ☑ en is dus nie elitisties nie. ☑ Die verdeler of skerm kan beide esteties aangenaam wees en waarde tot lewenstyl voeg. ☑ Die ontwerp volg sekere van die nuutste populêre tendense. Dit is 'n populêre produk wat tot almal spreek. ☑ Dit is ook 'n prettige ontwerpproduk. ☑ Kan gebruik word vir privaatheid waar mense ‘n kamer moet deel. ☑

Krediet moet gegee word aan enige geldige en redelike antwoord.

1.2.2 **(Ken 4 punte toe)**

- **Pluralisme of veelvuldige betekenisse:** Deur twee of meer idees of style te integreer, word die interpretasie van hierdie ontwerp ingewikkeld, dubbelsinnig en/of pluraal/meervoudig in betekenis. ☑ Die werk is gekodeer met 'n dubbelbetekenis omdat dit as ontwerp ('n funksionele of dekoratiewe verdeler/skerm) of as kuns ('n surrealistiese beeldhouvorm) beskryf kan word. ☑ Wesenlik lok hierdie term 'n bespreking of gesprek oor die tweeledigheid of dubbelsinnigheid uit! ☑ Hierdie term verwys ook na twee of meer style wat geïntegreerd of vermeng is (Pop en Postmodernisme) om 'n styl te skep wat as eklekties of gebaster beskryf kan word. ☑ 'n Pluralistiese styl, soos in die verdeler gesien, weerspieël 'n interessante spel met dubbelsinnigheid, tweeledigheid, paradoks en distorsie. ☑ Die verdeler is oordrewe en gevolglik is 'minder nie vervelig hier nie'! ☑ Kan onveilig wees. ☑
- **Feminisme of vroulike perspektief:** Die vroulike ontwerper het bewustelik gebruik gemaak van 'n vergrote kaasrasper of huishoudelike voorwerp om haar aan haar tuiste te herinner, asook die feit dat sy van haar tuisland geskei is. ☑ Oor die algemeen verwys Feminisme na die oorweging van die vroulike oogpunt in die ontwerp van produkte, geboue, openbare ruimtes en transport. ☑ Wanneer daar ontwerp word, sal die meeste vroue praktiese, funksionele en gerieflikheidskwessies oorweeg. ☑ Die ontwerp is beïnvloed deur 'n voorwerp wat gewoonlik in die kombuis gevind word, 'n plek tipies geassosieer met vroue. ☑

Krediet moet gegee word aan enige geldige en redelike antwoord.

| **V1.2 VLAK** | **KOGNITIEWE VAARDIGHEDE** | **GEWIGS-TOEKENNING (%)** | **VRAE** | **PUNTE (10)** |
|---|---|---|---|---|
| Lae orde | Visuele begrip | 30% | 1.2.1 | 3 |
| Middelorde | Toepassing | 40% | 1.2.1+ 1.2.2 | 4 |
| Hoër orde | Evaluering | 30% | 1.2.2 | 3 |

**VRAAG 2 [10 punte]**

**AS3: Bespreek, verduidelik en toon die inhoud en funksie van produkte, beelde, tekens en simbole wat in ontwerp gebruik word om openlike en verborge boodskappe oor te dra en wat stereotipes en vooroordele van die verlede en hede bekragtig of bevraagteken.**
**AS 2: Begrip van ontwerpteorie en die korrekte gebruik van ontwerpterminologie.**

2.1 **(Ken 2 punte toe)**
Die ontwerper hoop om 'n positiewe bewustheid van die medebestaan van kulture in die wêreld te skep. ☑ Die ontwerper hoop om 'n boodskap oor te dra dat mense ten spyte van hulle verskille saam moet leef. ☑ Hierdie plakker bevorder die bewustheid onder mense dat daar baie menings of oogpunte oor die lewe bestaan, bv. seksualiteit, liefde en vrede of geloof. ☑ Die plakker verteenwoordig eenheid in diversiteit. ☑

2.2 **(Ken 4 punte toe)**
Leerders sal verskillende oogpunte ten opsigte van die vraag bied. Menings moet op gepaste ontwerptaal gebaseer word. Leerders moet die bestaan van stereotipes kan identifiseer en bespreek hoe hierdie ontwerp vooroordele, veranker in die ontwerp, uitdaag of versterk.
(Die toepassing van kritiese denkvaardighede en die manier waarop die leerder die vraag gepas kan beantwoord, moet in die algemene assessering van hierdie vraag in ag geneem word.)

**Oogpunt 1: Inklusief**
Leerders mag uitwys dat die simbole gebruik bekend is en dit gevolglik inklusief maak. ☑ Die manlike en vroulike simbole verteenwoordig elke lewende wese en is dus inklusief. ☑ Hierdie simbole is deel van ons daaglikse bestaan, bv. die kruis ('n positiewe teken) en sluit dus alle groepe mense in, wat die plakker gevolglik inklusief maak. ☑ Die woord self 'coexist' verwys na almal en is dus inklusief. ☑ Lettertipes is dieselfde grootte en in geen spesifieke volgorde nie. ☑

**Oogpunt 2: Eksklusief**
Leerders mag argumenteer dat die plakker irrelevant en nie vir almal in ag neem nie, godsdienstig, ☑ filosofies ☑ en seksueel.☑ Leerders mag uitwys dat hierdie simbole eksklusief is omdat mense wat nog nie in aanraking met hulle was nie hulle nie sal verstaan nie en dus uitgesluit sal word. ☑ Die ontwerp is slegs vir mense wat die simbole verstaan.☑

Krediet moet gegee word aan enige geldige en redelike antwoord.

2.3 **(Ken 2 punte toe)**
'n Teken verskaf inligting (bv. ruskamers), ☑ beveel om 'n sekere taak te verrig (bv. geen parkering) ☑ of verwag 'n reaksie (bv. padtekens). ☑ 'n Simbool is 'n beeld wat 'n idee, bv. 'n hart wat liefde beteken, verteenwoordig of 'n ooreenkoms toon. ☑ ‘n Teken is objektief en ‘n simbool subjektief. ☑

Krediet moet ook gegee word aan enige ander redelike waarnemings.

2.4 **(Ken 2 punte toe)**

**Oogpunt 1 SUKSESVOL:**
Die lettertipes word op 'n kreatiewe wyse gebruik wat visueel die betekenis van die woord 'coexist' verduidelik. ☑ Die lettertipe is maklik om te lees. ☑ Simbole / verteenwoordigende lettertipes. ☑

**Oogpunt 2 ONSUKSESVOL:**
Die lettertipes is moeilik om te lees en te interpreteer omdat baie nie die gebruikte simbole mag ken nie. ☑ Die boodskap van die plakker mag nie toeganklik vir almal wees nie. ☑

Krediet moet ook gegee word aan enige ander redelike waarnemings.

| V2 VLAK | KOGNITIEWE VAARDIGHEDE | GEWIGS-TOEKENNING (%) | VRAE | PUNTE (10) |
|---|---|---|---|---|
| Lae orde | Waarneming; Herroeping; Begrip | 30% | 2.3.1+ 2.1 | 3 |
| Middelorde | Toepassing | 40% | 2.3.2 + 2.2 | 4 |
| Hoër orde | Analise; Sintese Evaluering Aftrekking | 30% | 2.2 | 3 |

**VRAAG 3 [20 punte]**

**AS4: Ondersoek, reflekteer en interpreteer inligting vanuit 'n verskeidenheid bronne wat wêreldwye/globalisasie-invloede toon en hoe dit die ontwikkeling van ontwerp beïnvloed.**

3.1 **'n Leerder mag kies om enige voorbeeld soos verskaf in die LPR, PAT of enige ander gedokumenteerde bron te gebruik.**
**NOTA: Hoofnasieners moet die egtheid van die leerder se antwoord naslaan indien 'n leerder 'n ontwerper wat nie op die Nasionale LOOM-lys is nie verskaf. Geen punte sal toegeken word vir die naam van die ontwerper en die titel van die ontwerpproduk/te nie. Slegs inligting wat relevant tot die vraag is, sal krediet kry.**

3.1.1 **(Ken 4 punte toe)**
Leerders mag verskillende oogpunte tot die vraag bied.

**Oogpunt 1:** Ja, leerders mag redeneer dat hierdie openbare ruimtes in inklusiewe ruimtes verander kan word waar die publiek kan geniet om oor verskillende onderwerpe te leer, te oefen en veilig speletjies op 'n ontspanne, vermaaklike wyse te speel. ☑ Openbare ruimtes kan op so 'n wyse ontwerp word sodat alle mense by die fasiliteite kan baat, bv. toegang vir gestremde mense, kinders, ens. ☑ Indien daar geen toegangsfooie is nie kan enigeen van die publiek die fasiliteite in die park geniet. ☑ Selfs gestremde of ouer mense sal die park kan geniet omdat daar geen trappe of steil heuwels is nie. ☑ Die ontwerpe is gebruikersvriendelik. ☑

**Oogpunt 2:** Nee, leerders mag redeneer dat openbare ruimtes nie altyd inklusief is as die ruimte nie vir gestremde mense of kinders kan akkommodeer nie. ☑ Indien daar 'n toegangsfooi gevra word, mag sekere mense dit nie kan bekostig om daarheen te gaan nie. ☑ Sekuriteit kan moontlik 'n probleem in 'n openbare park wees. ☑ Openbare vervoer mag dalk nie naby die park beskikbaar wees nie, wat dit ontoeganklik vir sekere mense maak. ☑ FIGUUR A tot FIGUUR D skyn jonger mense as teikengroep te hê. ☑

3.1.2 **(Ken 6 punte toe)**

| VERSKILLE | OOREENKOMSTE |
|---|---|
| **Doel van elke plek** | |
| FIGUUR A en B is veronderstel om mense nader aan die natuur te bring. ☑ FIGUUR C en D se doel is om 'n fantasiewêreld te skep. ☑ FIGUUR A is meer vir families wat die natuur geniet / eko-vriendelik terwyl FIGUUR B meer vir toeriste is wat besigtiging doen, veral die uitsigte op Barcelona. ☑ | Beide parke is oopgestel vir openbare gebruik. ☑ |
| **Toeganklikheid** | |
| FIGUUR A en B het maklike toegang vir almal, met breë paadjies en groot oop en gelyk ruimtes. ☑ FIGUUR C en D is meer ingewikkeld en ongelyk met baie trappe en sal nie so maklik vir almal wees om toegang te hê nie, bv. kinders, bejaardes en gestremde mense. ☑ Toegang tot die werkilke grond vir aanplanting / verbouing is beter in FIGUUR AS as in FIGUUR B. ☑ | Beide parkontwerpe is in stede geleë, naby aan baie mense en binne reikafstand. ☑ |
| **Gebruik van materiale** | |
| FIGUUR A en B is meer natuurlik deur middel van die gebruik van bestaande natuurlike terreinvorms en -materiale. ☑ FIGUUR C en D berus meer op mensgemaakte strukture en versiering (mosaïek), wat die natuur naboots deur die kromlynige, vloeiende lyne en organiese vorms. ☑ | Beide ontwerpe maak van die natuur as inspirasie gebruik. ☑ |
| Krediet moet ook gegee word aan enige ander redelike waarnemings. | Krediet moet ook gegee word aan enige ander redelike waarnemings. |

| V3.1 VLAK | KOGNITIEWE VAARDIGHEDE | GEWIGSTOEKENNING (%) | VRAE | PUNTE (10) |
|---|---|---|---|---|
| Lae orde | Waarneming | 30% | 3.1.1 + 3.1.2 | 3 |
| Middelorde | Toepassing | 40% | 3.1.1 + 3.1.2 | 4 |
| Hoër orde | Evaluering; Kritiek | 30% | 3.1.2 | 3 |

3.2 **(Ken 10 punte toe)**


**NOTA: 'n Leerder mag kies om enige voorbeeld soos verskaf in die LPR, PAT of enige ander gedokumenteerde bron te gebruik.**

In die kandidaat se bespreking behoort die leerder die toepaslikheid van die ontwerper of die ontwerper se besigheidspraktyk op enige kontemporêre waardes te verduidelik. Die volgende moet bespreek word om volle krediet te kan kry:

- Identifiseer die ontwerper (1), bv. Margie Garratt en noem 'n produk, bv. 'Roam Free' (1)
- Beskryf kortliks die ontwerp. (2)
- Verduidelik hoe die ontwerp(e) of besigheid verband hou met kontemporêre waardes. (2)
- Kenmerkende styl van die ontwerp(e) of ontwerper(s). (4)

Voorbeeld 1:

- **Naam van die ontwerper: Margie Garratt ☑ en naam van die produk: 'Roam Free' ☑**



- **Beskrywing van die ontwerp: "Roam Free"** is geïnspireer deur 'n vakansie in Tanzanië en bestaan uit materiaalblokke in sterk kleure wat vrylik gerangskik is. ☑ Die vorms van bome en diere is binne en bo-oor hierdie blokke vasgewerk. ☑
- **Verband met kontemporêre waardes:**
  Die deken verken die kwessie waar die natuurlike migrasie van diere, 'n kontemporêre kwessie, beperk word. ☑ Sy het ook die eerste 'Innovative Threads' uitstalling begin en saamgestel om sodoende kwiltwerk/ tekstielkuns te bevorder. ☑ Hierdie uitstalling vind nou elke jaar plaas en sluit bemagtigingshandwerk van dwarsoor die land in. ☑ Wanneer uitgenooi, word die uitstalling oorsee geneem en word daar wonderlike blootstelling aan die kontemporêre handwerkers van ons land gegee. ☑ Die uitstalling was nog altyd self befonds en die inkomste uit hierdie tentoonstellings is aan vroeë leer-opheffingprogramme in die Wes-Kaap geskenk. ☑
- **Kenmerkende styl van die ontwerp(e) of ontwerper(s):**
  Margie gebruik notas en tekeninge van dinge wat haar opgewonde maak ☑ en sy gebruik altyd 'n kamera, naslaanbronne as inspirasie vir haar werk en vind die Internet 'n wonderlike bron. ☑ Met haar tekstielkuns steek sy agtergrondmateriaal aan haar werkbord vas om die gevoel en geskatte grootte van die stuk te kry. ☑ Dan begin sy die detail invul en werk amper

soos 'n olieverfskilder. ☑ Aanvanklik het sy in eenhede gewerk en hulle toe in 'n kunswerk ontwerp en gebou deur van 'n naaimasjien gebruik te maak. ☑ Sy gebruik gewoonlik 'n kombinasie van handgekleurde en kommersiële materiale en gare wat sy in Suid-Afrika kry. ☑

Krediet moet ook gegee word aan enige ander redelike waarnemings.

| V3.2 VLAK | KOGNITIEWE VAARDIGHEDE | GEWIGSTOEKENNING (%) | VRAE | PUNTE (10) |
|---|---|---|---|---|
| Lae orde | Herroeping; Opnoeming | 30% | 3.2 | 3 |
| Middelorde | Toepassing | 40% | 3.2 | 4 |
| Hoër orde | Evaluering/ reduksie | 30% | 3.2 | 3 |

**VRAAG 4 [30 punte]**

**AS4:** **Ondersoek, reflekteer en interpreteer inligting vanuit 'n variëteit van bronne wat wêreldwye/globalisasie-invloede toon en hoe dit die ontwikkeling van ontwerp beïnvloed.**

**AS5:** **Analiseer, interpreteer en reflekteer krities op voorbeelde en bring hulle in verband met hulle kulturele, historiese en kontemporêre kontekste.**

4.1 **(Ken 20 punte toe in totaal)**

**Leerders moet TWEE matontwerpe kies.**
**TWEE MOONTLIKE KEUSES IS: FIGUUR E EN FIGUUR A**

**FIGUUR E:**
**TWEE REDES HOEKOM DIE MAT AAN DIE POP ERA BEHOORT:**

- Ontwerpe van die Pop era is dikwels versier met 'n oppervlakpatroon van eenvoudige, vlak vorms ☑ en hierdie mat toon duidelik hierdie tendens aangesien dit bedek is met 'n herhaling van sirkels. ☑
- Hierdie mat toon ook die invloed van Optiese kuns in Popontwerpe deur die gebruik van 'n herhaling van verskillende groottes swart en wit sirkels ☑, wat 'n illusie van beweging skep. ☑

**TWEE ANDER TIPIESE KENMERKE VAN DIE BEWEGING:**

- Die vereistes van 'n jeugkultuur is duidelik – byvoorbeeld modieuse, byderwetse kleredrag wat aanhoudend vernuwe is.☑
- Rolprente, film en die lewe van filmsterre verskyn dikwels as onderwerpmateriaal. ☑
- Motiewe weerspieël die era se belangstelling in wetenskap en die buite-ruimte. ☑
- Die gebruik van skokkleure, ☑ voorgeskryf deur die wye reeks van nuwe prosesse en materiale beskikbaar deur chemiese prosesse. ☑
- Plastiek is uitgevind-/sellulose asetaat/selluloïed is gemaak van chemies-behandelde katoen – dit het 'n verskeidenheid van toepassings gehad.☑
- Baie nuwe materiale soos akriel, veselglas, Styrofoam, PVC plastiek, verchroomde staal, metaal-allooi, gevormde glas, sintetiese rubber, tekstielstof, nylon, epoksigom en sellofaan verskyn. ☑
- Die gebruik van visuele woordspelings wat die formele funksie van voorwerpe ondermyn. ☑
- Humor en geestigheid het in alle aspekte van ontwerp begin verskyn. ☑

- Die bevraagtekening van tradisionele 'goeie smaak'. ☑
- Kitsch – speelsheid en ironie in ontwerp (slegte smaak met 'n byt) het die estetiese ernstigheid van dinge voorheen beskou as pragtig ondermyn (byvoorbeeld Andy Warhol se Marilyn Monroe beelde word nou as kunsvorm verhef - 'Hoë Kitsch)☑
- 'n Reaksie teen Bauhaus se skerp belynde ('hard-edge') ontwerp is sigbaar. ☑
- Werke word gekenmerk deur die biomorfiese vorms van Abstrakte Ekspressionisme en die natuurlike vorms en vloeiende, golwende en gekurfde vorms van Skandinawiese ontwerpers. ☑
- Die eenvoudige lyne van die Asiatiese (Japanse) tradisies is sigbaar.☑
- Eksperimentering met nuwe materiale en tegnieke soos gevormde plastiek wat ingespuit word, bewerkstellig nuwe, ongewone meubelvorms soos die enkelstaander/vrydraende stoel. ☑ Formele bene word ook dikwels vervang met span- en geveerde ondersteuningsisteme.☑
- Tradisionele materiale soos bamboes en hout word getransformeer deur nuwe prosesse, (bv. laaghout) wat nuwe gietvorms moontlik maak. ☑
- Die ontwikkeling van akrielverwe.☑

Enige TWEE van hierdie kenmerke of enige ander relevante kenmerke kan gekrediteer word.

**TWEE INVLOEDE OP DIE BEWEGING:**

- Wetenskap, ruimtereise (die ruimteresies tussen die VSA en die USSR – Sputnik) en wetenskapsfiksie word allesverterende obsessies vir die publiek. Ruimte-eeu motiewe en beelde wat ruimtetemas voorstel, het op verbruikeritems soos mode, motors en in advertensies verskyn. ☑
- Die werk van Popkunstenaars soos Andy Warhol/Roy Lichtenstein, wat alledaagse onderwerpe beklemtoon, is sigbaar in baie ontwerpe. ☑
- Optiese Kuns se klem op abstrakte lyne en eenvoudige patrone om die illusie van beweging te skep, het oppervlakontwerp beïnvloed. ☑
- Die anti-Ontwerp Beweging in Italië se verwerping van hoofstroom-ontwerp en klem op verwronge vorm, skokkende kleur en visuele woordspelings het 'n sterk invloed op Popontwerp. ☑

Enige TWEE van hierdie invloede of enige ander relevante stellings kan gekrediteer word.

**EEN ONTWERPER EN WERK EN 'n KORT ANALISE VAN DIE WERK**:
Die Sunbeam Mixmaster voedselverwerker ☑ ontwerp deur Sweedse ontwerper Ivar Jepson.☑



- Die verwerker is 'n nuwe afgeskaalde weergawe van die vroeë groot, onhandige industriële masjiene. Dit is kragtig, veelsydig en makliker vir huishoudelike gebruik.☑
- Dit bestaan uit 'n voedselverwerker en 'n losmaakbare mengeenheid wat as 'n handmenger gebruik kan word.☑
- Die ruimte-eeu vaartbelyning, beïnvloed deur die motorindustrie, vertoon chroomomhulsels, geskakelde spane en aanpasbare spoedvlakke wat geprogrammeer kan word deur die gekalibreerde plastiekprop aan die einde van die masjien te draai. ☑ Die spane trek uit die spindel en pas in die sy- en onderkante van die bak.☑
- Dit word gebruik om te versap, vrugte te skil, ertjies uit te dop, pasta uit te druk en koffie te maal. ☑ Toebehore kan gepas word om ander funksies, bv. die oopmaak van blikkies, te verskaf. ☑
- Die hoeveelheid tyd wat op huishoudelike werkies gespandeer word, is aansienlik verminder om sodoende meer tyd vir ontspanning te skep. ☑

Krediteer enige ander relevante voorbeelde.

**FIGUUR A:**
**TWEE REDES HOEKOM DIE MAT AAN DIE KUNS EN KUNSHANDWERK BEWEGING BEHOORT:**

- Die ontwerp toon die Kuns en Kunshandwerk Beweging se gebruik van die natuur, veral wingerde, blare en blomme as onderwerpmateriaal. ☑
- Die gebruik van 'n simmetries gebalanseerde uitleg is ook tipies van die Kuns en Kunshandwerk Beweging. ☑

Krediteer enige ander relevante stellings.

**TWEE ANDER TIPIESE KENMERKE VAN DIE BEWEGING:**

- Temas van die "platteland", bv. die melk van koeie; veldblomme was dikwels sigbaar. ☑
- Tipiese onderwerpe het plante, diere, voëls en Middeleeuse ontwerpelemente soos die drie- en vierblaarklawerpatroon ingesluit. ☑
- Produkte het tekstiele, meubels, keramiek, leeromslagboeke, metaalwerk en argitektuur ingesluit. ☑
- Materiale: Natuurlike materiale soos hout en klip was meestal gebruik. ☑
- Versiering is gebruik om die basiese ontwerp te verbeter. Ornamentasie was tot 'n minimum beperk. ☑
- Vorms of produkte was eenvoudig en somber sonder enige verdere versiering. ☑ Dit het dikwels die invloed van Gotiese vorms getoon, bv. stoele was meestal swaar, donker en somber met geboë elemente. ☑
- Tekstiele en keramiekontwerpe was meer organies as gevolg van die invloed van plante en diere. ☑
- Hulle het gebruik gemaak van plat areas vol sterk kleur in verskillende skakerings van blou, geel en rooi. Hulle het ook gebruik gemaak van aardse tone. ☑
- Die balans was oor die algemeen simmetries as gevolg van die Middeleeuse Gotiese invloed van stabiliteit en orde. ☑
- Menslike figure vanuit Middeleeuse bronne kan dikwels gesien word, bv. in gebrandskilderde glas en meubelpanele. ☑

- As gevolg van die reaksie teen industrialisering en die klem op vakmanne het handtegnieke hoogty gevier. ☑
- Konstruksiedetails is dikwels ontbloot, bv. die klinknaels in metaalwerk en die tapwerk in meubels sou 'n dekoratiewe funksie hê. ☑
- Natuurlike materiale wat 'onaangeraak' was deur die industrie is gebruik, bv. inheemse (Engelse) houtsoorte soos eik en berk. William Morris se idee van 'getrouheid aan materiale', waar materiale onveranderd gebruik is om die skoonheid van die materiaal van die voorwerp te toon, was duidelik. ☑
- Produkte het 'n landelike, kothuis-, ''onklaar'' gevoel gehad. ☑
- 'n Herlewing van tradisionele handwerke soos weef, borduur, kantvervaardiging en tapisserie is sigbaar. William Morris was die hoofinspirasie vir hierdie hernude belangstelling. ☑

Enige TWEE van hierdie kenmerke of enige ander relevante kenmerke kan genoem word.

**TWEE INVLOEDE OP DIE ONTWERP:**

- Beïnvloed deur Gotiese argitektuur wat orde en stabiliteit en goeie Christenwaardes teruggebring het. Vier- en drieblaarklawermotiewe weerspieëlend van bogenoemde is sigbaar. ☑
- Islamitiese invloede op Gotiek was ook duidelik. ☑
- Landelike Engelse kothuisstyl – eenvoudige plattelandse of kothuisstyl herinner ook aan Middeleeuse tye. Plaaslike materiale gebruik, bv. klip, onverwerkte hout en handgemaakte metodes ontbloot. ☑
- Beïnvloed deur die Middeleeuse gees (dikwels mitiese temas, bv. drake) – eenvoudige handgemaakte landelike argitektuur en kunshandwerk, bv. landelike stoele met gekerfde hout en geweefde sitplekke. ☑
- Beïnvloed deur tonele vanuit die alledaagse lewe (genre) in die natuur, bv. dier- en blommotiewe. ☑

Enige TWEE van hierdie invloede of enige ander relevante stellings kan genoem word.

**EEN ONTWERPER EN WERK EN 'n KORT ANALISE VAN DIE WERK:**

Ontwerper: William Morris ☑
Ontwerp: Tapisserie, Strawberry Thieves ☑



- 'n Asimmetries gebalanseerde ontwerp is geskep. ☑
- Voëls is tussen plante en aarbeie uitgebeeld. ☑
- Ryk warm rooie in die voorgrond kontrasteer met koel bloue in die agtergrond. ☑
- Herhalende organiese, gekurfde lyne skep sirkelbewegings dwarsdeur die werk. ☑
- Eenheid word geskep deur die herhaling van motiewe, bv. die voëls, asook die herhaling van kleure. ☑
- Afwisseling word verkry deur 'n verskeidenheid verskillende vorms wat dwarsdeur die ontwerp herhaal word, bv. voëls, blomme en blaarmotiewe. ☑

Krediteer enige ander relevante voorbeelde.

| V4.1 VLAK | KOGNITIEWE VAARDIGHEDE | GEWIGSTOEKENNING (%) | VRAE | PUNTE (20) |
|---|---|---|---|---|
| Lae orde | Herroeping van feite | 30% | 4.1 | 6 |
| Middelorde | Toepassing | 40% | 4.1 | 8 |
| Hoër orde | Kritiese analise | 30% | 4.1 | 6 |

4.2 **[10 punte]**

4.2.1 **(Ken 2 punte toe)**

<u>Ken 1 punt per ontwerper vanuit die TWEE bewegings toe</u>.
Art Nouveau: Alphonse Mucha, René Lalique, Victor Horta, Louis c. Tiffany, Gaudi, Aubrey Beardsley ☑
Bauhaus: Marianne Brandt, Walter Gropius, Joseph Albers, Mies van der Rohe ☑

Enige ander relevante ontwerpers moet ook gekrediteer word.

4.2.2 **(Ken 8 punte toe)**

**'n VERGELYKING TUSSEN FIGUUR F EN FIGUUR G:**

**VORM**
Die vorms in FIGUUR F is organies en kromlynig geskep deur, byvoorbeeld, die swaannekke en –vlerke en die tulpstele. ☑ Hierdie herhalende vorms vul die ontwerp met golwende beweging. ☑ Die Bauhaus borsspeld bestaan uit stram, geometriese vorms ☑ soos 'n deel van 'n sirkel wat aan die een kant omgrens word deur blokagtige vierkante en strepe. ☑
**MOONTLIKE INSPIRASIE/INVLOEDE**
FIGUUR F is tipies Art Nouveau in die sin dat dit hulle liefde vir die natuur wys, veral vir gestileerde voëls en plante. ☑ Die vloeiende, dekoratiewe lyne en asimmetriese elemente kon ook deur Japanse kuns geïnspireer wees. ☑ Die vervlegde swaanpote en ranke herinner aan die vervlegde lyne in Keltiese en Wikingontwerp. ☑

FIGUUR G se gebruik van suiwer, formele geometriese vorms is moontlik geïnspireer deur die Bauhaus se liefde vir die eeu van die masjien en hulle soeke na eenvoud en orde. ☑

**KLEUR**

In die 'Swaan Borsspeld' oorheers gedempte, subtiele goud, rome en groene wat 'n sagte, ouwêreldse sjarme oordra. ☑ Kontrasterend hiermee is die Bauhaus borsspeld meer modern omdat dit opgemaak is van sterk, suiwer, plat kleure, naamlik rooi, swart en silwer. ☑

**TEKSTUUR**

'Swaan Borsspeld' blyk van 'n harde, weerstandsmateriaal gemaak te wees, maar die groewe wat 'n veertekstuur aandui, skep detail wat die oppervlak besig laat lyk. ☑ Kontrasterend hiermee het die Bauhaus borsspeld 'n vaartbelynde, industriële, gladde, metaalagtige tekstuur wat 'n kalm gevoel uitstraal. ☑ Die herhaling van liniêre groewe in die silwer gedeelte skep 'n mate van kontras en lewe. ☑

| **V4.2 VLAK** | **KOGNITIEWE VAARDIGHEDE** | **GEWIGS-TOEKENNING (%)** | **VRAE** | **PUNTE (10)** |
|---|---|---|---|---|
| Lae orde | Waarneming; Visuele begrip | 30% | 4.2.1 + 4.2.2 | 3 |
| Middelorde | Toepassing | 40% | 4.2.2 | 4 |
| Hoër orde | Analise | 30% | 4.2.2 | 3 |

**TOTAAL AFDELING A: 80**

**AFDELING B: ONTWERP IN 'N SOSIALE/OMGEWINGSKONTEKS**

**VRAAG 5 [20 punte]**

**AS7: Demonstreer en verstaan die maniere waarop ontwerp gebruik kan word om sosiale, kulturele, omgewings- en etiese kwessies te bekragtig of te bevraagteken.**

5.1 **SOSIALE KWESSIES (INTERNASIONAAL)**

5.1.1 **(Ken 2 punte in totaal toe)**

**(Ken 1 punt toe)**

- **Illustrasietegniek en gebruik van agtergrondoppervlak:**

Die ontwerp se illustrasiestyl is prettig en gevat. ☑ Hy gebruik gemengde media en 'n menigte oppervlaktes om op te teken en te verf. ☑ Hy teken of verf met waterverf, ink en kleurpotlode (informele tegnieke van ontwerp). ☑ Vir sy agtergrondoppervlaktes verkies hy om gevonde of klaar oppervlaktes te gebruik, ☑ bv. vanuit ou boekomslae, geskeurde boekbladsye, grafiekpapier, papier met (blou) lyntjies, verbleikte bruinpapier, ☑ is maklik om te lees. ☑




**(Ken 1 punt toe)**

- **Tipografie:**

Oliver Jeffers werk tegelykertyd met 'n verskeidenheid lettertipes op een bladsy ☑ en gebruik ook tradisionele tikmasjienstyl ☑ en tipografie met die hand geteken. ☑ Vang die oog. ☑




Krediteer eie menings wat gestaaf en geregverdig is.

5.1.2 **(Ken 2 punte toe)**
Die moontlike sosiale voordeel van hierdie geïllustreerde boek is dat dit geletterdheid sal bevorder. ☑ Kinders van alle ouderdomme sal geniet om dit te lees en mag so honger vir kennis soos die karakter Henry raak.☑

5.1.3 **(Ken 6 punte toe)**
Hierdie film deur <u>Pixar</u> het op alle gebiede diens gelewer – die kwessies van vooroordele, skeiding en die uitstyg bo 'n nederige begin. ☑ Dit is die storie wat jou leer om nooit op te gee nie, om groot te droom, om jou passie te volg (maak nie saak hoe onwaarskynlik dit lyk nie) en om nooit iemand op sy baadjie te takseer nie! ☑

Animasie, as digitale visuele kommunikasie-ontwerp, is gebruik om die storie van '*Ratatouille'* op 'n baie minsame en menslike wyse te vertel. ☑ Dit word vasgevang in die gekarikatuurde karakters. Dit is die geanimeerde verhaal van Remy, 'n rot wat kan kook, en Linguine, 'n seuntjie wat nie kan nie. ☑ Die knoop van die verhaal is die tipiese klassieke <u>Disney-formule</u>; 'n rolprent oor vriendskap en twee verdruktes wat saamspan en triomfeer. Hierdie ou konsep word nuwe lewe gegee in hierdie animasiefilm. ☑ Die menslike benadering tot die rotte bevorder en benadruk die storielyn om groot te droom verder. ☑ Die menslike karakters word vergroot om unieke persoonlikhede te beklemtoon. ☑






Krediet moet gegee word vir eie opinies wat gestaaf of geregverdig is.

| V 5.1 VLAK | KOGNITIEWE VAARDIGHEDE | GEWIGS-TOEKENNING (%) | VRAE | PUNTE (10) |
|---|---|---|---|---|
| Lae orde | Waarneming/Herroeping Begrip | 30% | 5.1.3 | 3 |
| Middelorde | Toepassing | 40% | 5.1.1 + 5.1.3 | 4 |
| Hoër orde | Analise Sintese Evaluering | 30% | 5.1.2 + 5.1.3 | 3 |

5.2 **SOSIALE KWESSIES (SUID-AFRIKAANS)**

**NOTA: 'n Leerder mag kies om enige voorbeeld soos verskaf in die LPR, PAT of enige ander gedokumenteerde bron te gebruik.**

5.2.1 **(Ken 2 punte toe)**
Leerders mag verskillende oogpunte op hierdie vraag bied.

**Oogpunt 1:** Ja, die boek in die kleure en ontwerp van die nasionale vlag simboliseer dat geletterdheid vir alle mense van Suid-Afrika is. ☑ Woorde soos 'us' (ons) en 'South Africa' (Suid-Afrika) dui op inklusiwiteit. ☑

**Oogpunt 2:** Nee, die figuur agter die boek verteenwoordig nie al die mense van Suid-Afrika nie. ☑ Daar is 'n weerspreking te sien tussen die boek (wat geletterdheid verteenwoordig) en die Suid-Afrikaanse vlag (wat alle Suid-Afrikaners verteenwoordig) omdat alle Suid-Afrikaners nie geletterd is nie. ☑ Net geldig vir SA. ☑

Kan JA of NEE wees, indien gemnotiveer. Krediet moet gegee word aan enige geldige en redelike antwoord.

5.2.2 **(Ken 2 punte toe)**
Vereistes vir 'n leesbare plakkaat is byvoorbeeld sterk en groot tipografie, ☑ maklik leesbaar selfs op 'n afstand; eenvoud; ☑ beperkte gebruik van kleur en inligting. ☑

Krediet moet gegee word aan enige geldige en redelike antwoord.

5.2.3 **(Ken 6 punte toe)**
Voorbeeld: LIFESTRAW ☑

Die LifeStraw gee kinders die basiese reg tot skoon drinkwater. ☑ Daar word geskat dat 1.1 biljoen mense toegang tot veilige drinkwater ontbreek en dat 1.8 miljoen jaarliks van voorkombare watersiektes soos diarree, cholera, ingewandskoors en *E.coli* omkom.
Daar is baie areas in Suid-Afrika waar waterbesmetting eindig in onveilige drinkwater en siektes onder gemeenskappe veroorsaak. ☑ Gedurende die tweede helfte van 2007 is daar wyd gerapporteer dat ten minste 80 kinders gesterf het omdat hulle besmette water in die Sterkspruit-area gedrink het. Touch Africa versprei in samewerking met baie skenkers die LifeStraw in gevaarpunte van die land. ☑




'n LifeStraw is 'n draagbare watersuiweringsinstrument wat oppervlakwater suiwer en dit veilig maak vir menslike inname. ☑ Dit is slegs 25 cm lank en 29 mm in deursnee en kan om die nek gehang word. ☑



Die toestel is deur onafhanklike en gekwalifiseerde laboratoriums getoets. Die toestel bevat 'n gepatenteerde, buitengewoon effektiewe materiaal wat bakterieë doodmaak wanneer dit in kontak daarmee kom. ☑ Die vlak van bakterieë in die water sal verminder word tot vlakke waar water veilig sal wees vir menslike inname. ☑
'Veilig' impliseer water waar enige gesondheidsrisiko minimaal is. ☑
Die vrygestelde hoeveelheid jodium in water behandel met LifeStraw is normaalweg nie skadelik vir die mens se gesondheid nie. Nogtans moet mense wat skildklierprobleme het en allergies is vir jodium mediese advies kry alvorens hulle hierdie toestel gebruik. ☑
Die lewensduur van die toestel is een jaar vanaf die eerste gebruik (berekening gebaseer op die verbruik van 2 liter water per dag) of 700 liter. Gebruik na die vervaldatum sal nie bestaande waterkwaliteit verswak nie. ☑

Dit bied maklike toegang tot veilige drinkwater weg van die huis af, ☑ filter 'n minimum van 700 liter water, ☑ maak 99,999% van water bakterieë dood of verwyder dit. ☑ Dit maak ook 99% van watervirusse dood of verwyder dit, deeltjies so klein as 15 mikrone en dit benodig geen elektriese krag of spaaronderdele vir die lewensduur van die strooi nie. ☑ Dit is maklik om grootskaals te versprei in areas waar drinkwater besmet is. ☑

Krediet moet gegee word aan enige geldige en redelike antwoord.

| V 5.2 VLAK | KOGNITIEWE VAARDIGHEDE | GEWIGS-TOEKENNING (%) | VRAE | PUNTE (10) |
|---|---|---|---|---|
| Lae orde | Waarneming/Herroeping<br>Begrip | 30% | 5.2.2 + 5.2.3 | 3 |
| Middelorde | Toepassing | 40% | 5.2.1 + 5.2.3 | 4 |
| Hoër orde | Analise<br>Sintese<br>Evaluering | 30% | 5.2.1 + 5.2.3 | 3 |

## VRAAG 6

**Kandidate moet TWEE van die drie subvrae van 10 punte elk kies.**

6.1 **SUID-AFRIKAANSE omgewingsontwerper (Ken 10 punte toe)**

6.1.1 **(Ken 2 punte toe)**
Die produkte in FIGUUR A help om afval wat op die grond/aarde bestrooi word, te verminder. ☑ Die stoele is sag en gemaklik wat dit gesond maak om op te sit. ☑ Die hergebruik van bestaande materiaal beperk die gebruik van rou materiaal vir alle verwante industrieë, wat op sy beurt minder skadelike afval tot gevolg het.☑ Die hergebruik van produkte mag besoedeling elimineer. ☑ Skep bewusytheid vir dierebewaring. ☑

Krediet moet gegee word aan enige geldige en redelike antwoord.

6.1.2 **(Ken 8 punte toe)**

**NOTA: 'n Leerder mag kies om enige voorbeeld soos verskaf in die LPR, PAT of enige ander gedokumenteerde bron te gebruik.**

Voorbeeld:
**Ontwerper:** Greg en Roche Dry ☑
**Ontwerp/Produk:** Sluitkaste van draad ('Wirelockers'), 2009 ☑



**Beskrywing: (Ken 6 punte toe)**
Die ontwerpers gebruik stukke afvaldraad en lig dit tot 'n nuwe vlak. ☑ Hulle word aanmekaar gesweis om 'n raam te vorm. Woestynroospatrone, met 'n laser uit sagte staalplaat gesny, word aan die raam vasgesweis. ☑ Hierdie dekoratiewe patrone las 'n opwindende nuwe dimensie by die normale eenvoudige sluitkas-struktuur. ☑
Die sluitkaste is met poeier bedek om roes af te weer en word in verskillende kleure gespuit. ☑ Hierdie meubelstukke (sluitkaste) is geskik vir die stoor van 'n verskeidenheid voorwerpe vanaf boeke, radio's en waterbottels. ☑ Die sluitkaste is dus duidelik beide dekoratief en funksioneel. ☑ Omdat die sluitkaste van afvaldraad gemaak word, kan dit bydra om die omgewing groen te hou. ☑

Krediet moet gegee word aan enige geldige en redelike antwoord.

| V6.1 VLAK | KOGNITIEWE VAARDIGHEDE | GEWIGS-TOEKENNING (%) | VRAE | PUNTE (10) |
|---|---|---|---|---|
| Lae orde | Herroeping/Kennis<br>Begrip | 30% | 6.1.1+ 6.1.2 | 3 |
| Middelorde | Toepassing | 40% | 6.1.1 + 6.1.2 | 4 |
| Hoër orde | Analise<br>Sintese<br>Evaluering | 30% | 6.1.2 | 3 |

**EN/OF**

6.2 **Internasionale omgewingsontwerper**
**(Ken 10 punte toe)**

6.2.1 **(Ken 4 punte toe)**

Die titel mag op verskeie maniere geïnterpreteer word.
Die titel 'evolution' verwys na 'n progressie vanaf een styl na 'n ander ☑, beweeg vanaf Rococo (oud) na Modernisme (nuut) of vanaf ornaat na minimalisme. ☑ Die titel 'evolution' behels progressie of vooruitgang. ☑ In hierdie ontwerp is die titel debateerbaar – in wese sal evolusie 'n verbetering beteken – hierdie meubelstuk het beweeg vanaf die gebruik van soliede hout na geperste of laaghout, vanaf handgemaak na masjienvervaardig. ☑ Dit is 'n kombinasie van twee verskillende style om 'n heeltemal nuwe een, bv. Rococo + Modernisme, te lewer. ☑ 'n Kombinasie van twee kenmerke van verskillende bekende style kulmineer in een. ☑ Die term hibried of kruising kan gebruik word om na Postmodernistiese kenmerke, soos eklektisisme, veelvuldigheid en die samesmelting van meer as een styl, te verwys. ☑

Krediet moet ook aan enige ander redelike waarnemings gegee word.

6.2.2 **(Ken 6 punte toe)**

**NOTA: 'n Leerder mag kies om enige voorbeeld soos verskaf in die LPR, PAT of enige ander gedokumenteerde bron te gebruik.**

Voorbeeld:
**Ontwerper:** Mieke Meijer ☑
**Ontwerpproduk:** Meubels gemaak van koerante ☑

**Beskrywing: (Ken 4 punte toe)**
Ontwerper Mieke Meijer gee aan ou koerante 'n nuwe lewe as meubels, dekoratiewe voorwerpe en selfs juweliersware. ☑ Haar KoerantHout materiaal word van stapels weggooikoerante gemaak, en dit kan gesny, gemaal en geskuur word, nes gewone hout en lyk selfs asof dit 'n houtgrein het as gevolg van die koerantpapier. ☑ Mieke gradeer koerante op na hout deur middel van 'n lang proses waar bladsye styf aanmekaar gegom word in 'n rol om 'n 'stomp' te vorm. ☑



Haar funksionele voorwerpe is die resultaat van 'n voortgesette ondersoek van die onmerkbare estetika van die alledaagse lewe, van produkte wat ons elke dag gebruik tot industriële masjinerie. Sy verken nuwe gebiede in ontwerp. ☑ Haar versameling sluit 'n KoerantHout lessenaar, kombuiskas, 'n stoel, 'n lamp en selfs 'n stel halssnoerhangertjies in. ☑

Krediet moet gegee word aan enige geldige en redelike antwoord.

| **V6.2 VLAK** | **KOGNITIEWE VAARDIGHEDE** | **GEWIGS-TOEKENNING (%)** | **VRAE** | **PUNTE (10)** |
|---|---|---|---|---|
| Lae orde | Herroeping/Kennis<br>Begrip | 30% | 6.2.2 | 3 |
| Middelorde | Toepassing | 40% | 6.2.1+ 6.2.2 | 4 |
| Hoër orde | Analise<br>Sintese<br>Evaluering | 30% | 6.2.1 | 3 |

**EN/OF**

6.3 **[Ken 10 punte toe]**

6.3.1 **(Ken 2 punte toe)**
Die FIGUUR C herinner ons daaraan dat rommel strooi 'n impak op die omgewing het. ☑ Die rommel wat rondgestrooi word, sal 'n direkte effek op die omgewing waarin ons moet lewe, hê. ☑ Ons moet bewus gemaak word van die belangrikheid van 'n skoon omgewing. ☑ ‘n Jonger teikenmark. ☑

6.3.2 **SUID-AFRIKAANSE ONTWERPER**
**(Ken 8 punte toe)**

**NOTA: 'n Leerder mag kies om enige voorbeeld soos verskaf in die LPR, PAT of enige ander gedokumenteerde bron te gebruik.**

**Punte behoort slegs toegeken te word aan 'n ontwerper en ontwerp wat nie voorheen bespreek is nie.**

**Gebruik die volgende wanneer die vraag gemerk word:**
- **Naam van ontwerper (1 punt)**
- **Titel van ontwerp/produk (1 punt)**

**Ken 6 punte vir enige van die volgende toe:**
- **Invloede op die ontwerper**
- **Beskrywing of kenmerke van die ontwerp(e)**
- **Ekologiese kwessies aangespreek in ontwerp(e)**

Voorbeeld:
**Naam van die Ontwerper:** Karen Ter Morshuizen ☑
**Titel van die Projek:** Lunar Clothing ☑
**(Ken 6 punte toe aan enige van die volgende)**
Karen se ontwerpe vermeng altyd 'n oorvloed natuurlike ☑ en organiese stowwe, ☑ vol tekstuur ☑ en sterk dog subtiele kleure ☑ wat skynbaar van die aarde self kom. Karen se liefde vir die natuur kom van toe sy grootgeword het en sy vakansies op 'n familieplaas deurgebring het. ☑

Lunar Clothing ontwerpe is funksioneel, tydloos en onverganklik. ☑ Hulle trek geen spesifieke teikenmark nie, slegs die oordeelkundige kliënt. ☑ Lunar spesialiseer in damesklere, maar het ook 'n klein versameling mans-, kinder- en leefstylstukke. ☑ Lunar bied 'n modeontwerp benadering tot modes wat dragereed is. ☑





Lunar Clothing is innoverend en is die mode vooruit en die ontwerpe is ekovriendelik. ☑ Lunar Clothing is sensitief teenoor omgewingsake deur amper eksklusief van natuurlike stowwe en pigmentverkleuring gebruik te maak. ☑

**OF**

**INTERNASIONALE ONTWERPER**

**Gebruik die volgende wanneer die vraag gemerk word:**
- **Naam van ontwerper (1 punt)**
- **Titel van ontwerp/produk (1 punt)**

**Ken 6 punte vir enige van die volgende toe:**
- **Invloede op die ontwerper**
- **Beskrywing of kenmerke van die ontwerp(e)**
- **Ekologiese kwessies aangespreek in ontwerp(e)**

Voorbeeld:
**Naam van Ontwerper:** Cyndi Schuring
**Titel van ontwerp:** Bloomfield Clothing



**(Ken 6 punte toe aan enige van die volgende)**

Cyndi Schuring vermeng moderne tendense met klassieke stilering. ☑ Haar inspirasie vir die etiket (Bloomfield Clothing) is verkry van 'n 1890 Bloomfield tekstielwerk. ☑ Sy gebruik natuurlike stowwe soos bamboes, sy en wol. ☑

Bloomfield Clothing is daartoe gewy om sosiale verandering deur volhoubare ontwerp te bevorder en vervaardig ekovriendelike, volhoubare klere. ☑ Sy gebruik voortreflike stowwe en gedempte kleure vir die klere. ☑ Die klere is sag en elegant. ☑ Daar word baie aandag geskenk aan kwaliteitdetail en pragtige nommerpassnitte. ☑ Die tekstiele word met lug gekleur. ☑ Hierdie proses elimineer alle water vanuit die kleur- en drukproses. ☑ Hierdie proses verminder ook watergebruik en besoedeling.

Bloomfield Clothing beplan om die afwaartse globale tendens na onbeheerbare besoedeling, wydverspreide siektes en sosiale skeiding om te keer deur hulle voornemens en pogings op die uiteindelike doel van 'n beskawing wat draai om liefde, vrede en natuurlike harmonie, te fokus. ☑

Krediet moet gegee word aan enige geldige en redelike antwoord.

| **V6.3 VLAK** | **KOGNITIEWE VAARDIGHEDE** | **GEWIGS-TOEKENNING (%)** | **VRAE** | **PUNTE (10)** |
|---|---|---|---|---|
| Lae orde | Waarneming/Herroeping<br>Begrip | 30% | 6.3.2 | 3 |
| Middelorde | Toepassing | 40% | 6.3.1 + 6.3.2 | 4 |
| Hoër orde | Analise<br>Sintese<br>Evaluering | 30% | 6.3.2 | 3 |

**TOTAAL AFDELING B: 40**

## AFDELING C: ONTWERP IN 'N BESIGHEIDSKONTEKS

**VRAAG 7 [30 punte]**

**Kies VRAAG 7.1 OF 7.2.**

**AS 9: Demonstreer die basiese begrip van bemarking van ontwerpprodukte in terme van teikenmark, verpakking en advertering.**
**AS10: Demonstreer die begrip van verantwoordbare ontwerp deur die inagneming van menslike regte en omgewingsaangeleenthede dwarsdeur die proses.**
**AS11: Ondersoek loopbaangeleenthede binne die ontwerpdissipline.**

7.1 **[Ken 30 punte in totaal toe]**

7.1.1 **(Ken 2 punte toe)**

Deur ontwerpe op 'n kreatiewe en effektiewe manier uit te stal, sal veroorsaak dat meer besoekers na die uitstalling gelok word ☑ en hulle hopelik sal aanmoedig om meer te koop of in die handelsmerk of ontwerpe te belê. ☑ Deur 'n kreatiewe benadering aan te wend, sal 'n kopermark verseker wat buite die gewone norme dink. ☑ 'n Kreatiewe handelsmerk sal op kreatiewe mense met 'n oog vir kwaliteit en detail gemik wees. ☑ Indien 'n handelsmerk kreatief bestuur word, sal die rimpeleffek gesien word in die feit dat 'n meer opgevoede en oordeelkundige teikenmark aangetrek word en sal eindig in verkope aan 'n hoër prysklas. ☑

Krediet moet gegee word aan enige geldige en redelike antwoord.

7.1.2 **(Ken 2 punte toe)**

'n Moontlike antwoord mag skryfbehoeftes wees ☑ aangesien die uitstalling 'n vergrote skerpmaker en potloodkrulle wys. ☑ Papier is oorheersend in die agtergrond gebruik en al die rokke is van papier gemaak. ☑ Papier / herwinde / origami / Art Deco ☑ mode ☑ was inspirasie**.** ☑

Krediet moet gegee word aan enige geldige en redelike antwoord.

7.1.3 **(Ken 5 punte toe)**

- Deur aanhoudend uit te stal, sal 'n sterk openbare sigbaarheid verseker word. ☑
- 'n Pro-aktiewe kopersplatform sal geskep word.☑
- 'n Geleentheid word geskep om bestaande en nuwe produkte te demonstreer.☑
- 'n Persoonlike of 'van aangesig tot aangesig' kliëntekontakpersoon verskaf 'n direkte geleentheid vir hulle om vrae te vra. ☑
- Dit gee geleentheid vir marknavorsing om die produk te ontwikkel. ☑
- Dit kan mediadekking genereer.☑
- Jy kan op 'n spesifieke teikenmark fokus.☑

Krediet moet gegee word aan enige geldige en redelike antwoord.

7.1.4 **(Ken 5 punte toe)**

**Tydskedulering:**
Dit is uiters belangrik om genoeg tyd vir beplanning en voorbereiding te skeduleer. ☑ Deeglike beplanning en voorbereiding sal 'n suksesvolle eindresultaat verseker! ☑ Take moet aan mense toegeken word en spesifieke spertye moet vasgestel word.☑

**Begroting:**
Vir 'n groot projek soos die ingeslote voorbeeld moet 'n plan rondom 'n reuse begroting ingebou word. ☑ Vir 'n projek soos die ingeslote een sal 'n mens baie ure (asook na-uurs) spandeer om aan so 'n projek te werk. Baie mense is gewoonlik betrokke – bogenoemde het alles 'n groot invloed op die begroting. ☑ Maak ook voorsiening in die begroting vir die volgende: skepping van rekwisiete en rokke, foto's, reklame, ens. ☑

**Personeelbehoeftes:**
Al die personeellede behoort opgelei en voorberei te word en moet op 'n professionele wyse optree. ☑ Elke werknemer sal gesif moet word deur middel van 'n CV of verwysing. ☑ Hoe meer vaardig die personeel is, hoe meer suksesvol sal die projek wees! ☑

**Publisiteit:**
'n Ontwerper wat nie sigbaar is nie, is 'n dooie ontwerper! Verken alle uitstalmoontlikhede – vanaf Design Indaba tot Ontwerp of Kunsvlyt Ekspo's of Handelskoue. Maak seker dat elke belangrike persoon verwittig is van die uitstallingopening. ☑ Die radio, TV en tydskrifte, ens. ☑ Skep 'n webtuiste. ☑ Onthou: mondelings is steeds een van die beste maniere om 'n persoon of uitstalling te bemark! ☑

**Opvolgmoontlikhede:**
Na afloop van die uitstalling volg alle moontlike leidrade en/of kontakte wat jy gemaak het, op. ☑ Deur nie enige kontakte, versoeke of selfs struikelblokke of probleme op te volg nie, sal 'n mens sy professionalisme in gedrang bring! ☑

7.1.5 **(Ken 8 punte toe)**

**Tabelle mag nie deur student gebruik word nie. Leerders moet in opstelformaat antwoord! Hierdie tabel maak die merk makliker.**

| | **FIGUUR A** | **FIGUUR B** |
|---|---|---|
| Fokuspunt | 'n Swerm kameras staan slaggereed ☑ – open 'n dramatiese halfsirkelvormige ruimte (gelyk aan 'n katedraal se koepel). ☑ In die middel – waarnemingkameras zoem in op die sakeman en die Louis Vuitton tasse in die middel van die komposisie soos Big Brother. ☑ Beide die gestileerde man in 'n pak klere en die tas op die staander word die fokuspunt. ☑ Die skoon oop geel ruimte om hulle versterk verder hulle sentrale rol hier. ☑ | Die gebruik van 'n reuse saketas 'envoy' in die agtergrond skep 'n dominante fokuspunt. ☑ Sommige studente mag redeneer dat die vroulike 'pop' geklee in helder oranje ook die fokuspunt mag wees ☑ omdat sy in skerp kontras met die monochromatiese milieu staan. ☑ |
| Herhaling | Talle kameras word herhalend gebruik om die sentrale idee van 'waarneming' te versterk. ☑ | 'n Tas, stoof, keil en sambreel word herhalend gebruik om die simmetriese komposisie te versterk. ☑ |
| Kleur | 'n Goue geel is gebruik vir die agtergrond en al die voorwerpe is 'geklee' in 'n donker sjokolade silwer-bruin-swart (sinoniem met Louis Vuitton – Kentekenkleure). ☑ | Die agtergrond is wit gelaat sodat al die klem op die voorwerpe geplaas is. ☑ |
| Balans | Simmetriese balans ☑ met 'n sentrale fokuspunt is geskep – die sakeman en die Louis Vuitton tas. ☑ | 'n Tweesydige simmetriese balans is sigbaar ☑ - herhaal in 'n spieëlweerkaatsing. ☑ Studente mag ook redeneer dat dit 'n asimmetriese balans is as gevolg van die insluiting van 'n 'pop' beeld! ☑ |

7.1.6 **(Ken 8 punte toe)**

**FIGUUR D**



- **Strengths/Sterk punte:** Die 'Traveller's Closet' deur Psychic Factory los die eeue oue probleem van die aanhoudende in- en uitpak van klere op. ☑ Alhoewel dit 'n reistas is, dien dit ook as 'n hangkas. ☑ Die drie laaie laat 'n mens toe om klere netjies in en uit te haal, met min gesoek na jou klere. ☑ Die handvatsel kan verleng word om hangers aan te hang, ☑ en die hele harde omhulsel of beskermende liggewigtas is op wiele vir gemaklike rondbeweeg op bv. die lughawe. ☑ Ander voordele vir die gebruiker is die feit dat daar minder gestryk hoef te word en dat 'n mens 'n netjiese, georganiseerde reistas sal hê. ☑ Die laaie kan almal gesluit word. ☑ Dit is uniek. ☑
- **Weaknesses/Swakhede:** Dit is redelik bonkig of ongemaklik groot. ☑ Indien die wiele breek, sal 'n mens sukkel om die tas te beweeg. ☑ Indien 'n mens die sleutel vir die laaie verloor, sal hulle nie oopgemaak kan word nie. ☑ Daar is lughawebeperkings op die grootte van bagasie vir stoordoeleindes op die vliegtuig. ☑
- **Opportunities/Geleenthede:** Daar is beslis bemarkings-moontlikhede by lughawens en bagasiewinkels. ☑ Die tas is 'n uitstekende alternatief vir sakemanne/-vroue of vir stralerjakkers. ☑ Dit mag ook 'n alternatief wees vir mense wat vir 'n lang tydperk hospitaal toe gaan of mense wat in nuwe of opgeknapte huise trek. ☑
- **Threats/Bedreigings:** Dit sal vir die meeste mense te duur wees. ☑ Die tas sal nie byval by die jonger teikenmark vind nie. ☑ Die verlengbare handvatsel wat ook as hangplek vir klere kan dien, is nie geskik vir lang rokke of jasse nie. ☑

| **V7.1 VLAK** | **KOGNITIEWE VAARDIGHEDE** | **GEWIGS-TOEKENNING (%)** | **VRAE** | **PUNTE (30)** |
|---|---|---|---|---|
| Lae orde | Herroeping/Kennis | 30% | 7.1.4 + 7.1.6 | 9 |
| Middelorde | Toepassing | 40% | 7.1.5 + 7.1.6 | 12 |
| Hoër orde | Analise Sintese Evaluering | 30% | 7.1.1+ 7.1.2 + 7.1.3 | 9 |

**OF**

7.2 **[Ken 30 punte in totaal toe]**

7.2.1 **(Ken 2 punte toe)**
Hakke, sole, skoenvorms, kleure en gespes/bandjies is slim aangepas om iets of iemand in besonder te verteenwoordig, ☑ byvoorbeeld die eerste paar skoene verteenwoordig duidelik twee worshondjies – die hakke boots hulle bene na, die bandjies hulle stertjies en die lang, nou, gepunte tone hulle lang, nou, lae lyfies. ☑

Krediet moet gegee word aan enige geldige en redelike antwoord.

7.2.2 **(Ken 5 punte toe)**

- **Moontlike besigheidsnaam:**

Enige geskikte besigheidsnaam moet gekrediteer word. Die naam moet die gevatte, humoristiese, speelse karakter van die skoene oordra, byvoorbeeld 'Skalkse Skoene'/'Funky Footwear'. ☑

- **Moontlike slagspreuk of etikettering:**

Enige gepaste slagspreuk of etikettering moet gekrediteer word. Dit moet op 'n manier met die besigheidsnaam skakel.
'n Moontlike slagspreuk kan wees:
'Skaf vandag 'n skalkse skoen aan!'/ 'Let your Feet do the talking!' ☑

- **Moontlike teikenmark:**

Jong, alternatiewe, kreatiewe, avant-garde, modebewuste mense. ☑

- **'n Kleurskema** vir die bemarkingsveldtog en redes vir hierdie keuse:

Enige helder, neon, pop-geïnspireerde kleurskema moet gekrediteer word. ☑

Krediet moet gegee word aan enige geldige en redelike antwoord.

7.2.3 **(Ken 5 punte toe)**
VYF METODES OM TE ADVERTEER EN HIERDIE SKOENE TE BEMARK:

- Radio-advertensies ☑
- Televisie-advertensies ☑
- Pamflette of brosjures ☑
- Plakkate ☑
- Briefhoofde, plakkers en besigheidskaartjies ☑
- Reklameborde ☑
- Internetbemarking met behulp van 'n webtuiste ☑
- Modeparaders ☑
- Promosies ☑
- Gedrukte media ☑
- Sosiale netwerke ☑

Krediet moet gegee word aan enige geldige en redelike antwoord.

7.2.4 **(Ken 6 punte toe)**
Die voorgestelde teikenmark moet relevant tot die ontwerp en goed gemotiveer wees.

**FIGUUR G:**
Hierdie verpakking kombineer 'n baie elegante, gesofistikeerde manlike torso, in 'n kil groen bottel, met 'n informele blikhouer om 'n skerp, ongewone produk te skep wat ook 'n bewustheid van vandag se groen kwessies weerspieël. ☑ Dit kan byval by 'n welgestelde, modebewuste en ook sosiaalbewuste mark vind. ☑ (Hierdie voorbeeld kan ook as vroulik gesien word.)
**FIGUUR H:**
Die mandjie en die lepel in Figuur H vertoon beide handgemaak en vervaardig met natuurlike materiale. ☑ Die produk sal gevolglik byval vind by 'n natuurliefhebbende, omgewingsbewuste of Afrika-landelike mark of iemand wat hou van koskook. ☑
**FIGUUR I:**
Die verpakking maak gebruik van eenvoudige, skoon vorms wat 'n vars, skoon, gesonde, moderne en kleurvolle effek het. ☑ Dit kan byval by 'n gesondheidsbewuste familie-mark vind. ☑

Krediet moet gegee word aan enige geldige en redelike antwoord.

7.2.5 **(Ken 4 punte toe)**
DIE KENMERKE VAN GOEIE VERPAKKING:

- Verpakking behoort aantreklik te wees sodat die kliënt se aandag vinnig vasgevang word en sy/haar belangstelling gehou kan word. ☑
- Verpakking moet in die behoeftes van die kliënt voorsien. ☑ Byvoorbeeld, verpakking vir 'n kliënt wat 'n vinnige lewenstyl handhaaf, moet maklik oopgemaak en weer verseël kan word. ☑
- Verpakking moet in lyn met huidige tendense wees – kwessies soos goeie gesondheid, voeding en omgewingsake behoort weerspieël te word in die keuse van ontwerp en materiale. ☑
- Verpakking moet 'n produk beskerm. ☑
- Dit moet by die beeld of styl van die produk pas – dit moet die produk se handelsmerk verteenwoordig. ☑
- Die koste van die verpakking moet in die besigheid se begroting pas. ☑
- Dit moet herwinbaar of herbruikbaar wees. ☑
- Dit moet eties aanvaarbaar wees. ☑

Krediet moet gegee word aan enige geldige en redelike antwoord.

7.2.6 **(Ken 2 punte toe)**
**MISSIEVERKLARING:**
'n Relevante missieverklaring moet verskaf word om 'n maatskappy/ besigheid se naam of eie visie te spesifiseer deur die tipe en doel van die produk uit te stippel. ☑ Dit moet ook verwys na die verwagte standaard van die finale produk en die teikenmark. ☑

Krediet moet gegee word aan enige geldige en redelike antwoord.

**(Ken 1 punt toe)**
**TIPE BESIGHEID:**
Enige van die volgende maatskappytipes kan gelys word:
- Alleeneienaar ☑
- Beslote Korporasie ☑
- Vennootskap ☑
- Privaat maatskappy (PTY Ltd.) ☑

**(Ken 1 punt toe)**
**'n Moontlike boekhousisteem:**
- Die skoendoos sisteem. ☑
- Die indiensneming van 'n boekhouer/rekenmeester. ☑
- 'n Boekhousisteem op rekenaar, bv. Pascal of Quickbook. ☑

**(Ken 4 punte toe)**
Die werklike **koste** vir die maak van die produk, insluitende rou materiale ☑ en al die ander drakostes, byvoorbeeld salarisse, ☑ perseel, ☑ water en elektrisiteit, ☑ transport ☑ en reklame, ☑ asook die oorspronklike kostes om op die been te kom. ☑

Krediet moet gegee word aan enige geldige en redelike antwoord.

| V7.2 VLAK | KOGNITIEWE VAARDIGHEDE | GEWIGS-TOEKENNING (%) | VRAE | PUNTE (30) |
|---|---|---|---|---|
| Lae orde | Herroeping | 30% | 7.2.5 + 7.2.6 | 9 |
| Middelorde | Toepassing | 40% | 7.2.3 + 7.2.4 + 7.2.6 | 12 |
| Hoër orde | Analise<br>Sintese<br>Evaluering | 30% | 7.2.1 + 7.2.2 + 7.2.4 | 9 |

**TOTAAL AFDELING C: 30**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou